

19 Januarie

Openbaring 21:1-8

Alles word nuut gemaak!

Met die skepping waarvan die boek Genesis ons vertel, het God in die begin 'n hemel en 'n aarde geskape. Nadat Hy die skepping voorberei het, het Hy die mens geskape om op die aarde te woon en dit te bewerk. Die sondeval het egter God se wonderlike handewerk vernietig en het die hele skepping aangetas. Genesis 3 vertel ons van hierdie groot hartseer. *"Vervloek is die aarde om jou ontwil"* het God vir die mens gesê. En verder: Die vloekwoorde van die sonde: *"Stof is jy en tot stof sal jy terugkeer"*.

Tog het God nie alles daar gelaat nie. Hy het 'n herskepping begin. Maar nou begin sy herskeppingswerk by die oorsaak van die sonde - by die mens. Hy kies vir Hom 'n volk in hierdie wêreld waardeur Hy die hele wêreld wil bereik (die volk Israel). Hy stuur sy Seun as Verlosser om vir sy uitverkore volk se sondes te betaal en so weer nuwe mense uit die sonde-wêreld te voorskyn te bring. Sy Heilige Gees is aktief werksaam in hulle lewens om hulle weer te verander na die beeld waarin Adam en Eva oorspronklik geskape is. En dan? Dan gaan God vir hierdie nuwe mense 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gee. *"Kyk, Ek maak alles nuut"*. 'n Totale herskepping. God begin by die mens en dan word ook die aarde en die hemel, die skepping, nuut gemaak. Die ou skepping sal saam met die goddelose mense met vuur vernietig word.

Wat moet dan nou gebeur? Lees weer vers 7. In Jesus Christus moet ons die oorwinning behaal, om dit alles te kan ontvang. As dit nie gebeur nie? Lees dan vers 8.

Sing Skrifberyming 50
(Wysie van Psalm 134)

Ds. I.W. Ferreira (Wonderboompoort)